**NG KERK KUILSRIVIER-DE EIKE**

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 27 NOVEMBER 2022

## EERSTE SONDAG VAN ADVENT

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Lidmate wat swaarkry***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Psalm 72:1-7, 18-19; Jesaja 11:1-10;**
**Romeine 15:4-13; Matteus 3:1-12**

| **SONDAG, 27 NOVEMBER** |
|---|
| POSDAG<br><br>EERSTE SONDAG VAN ADVENT<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br><br>09:00 Oggenddiens - Kerssangdiens<br>Deuroffer ten bate van: Alimentasie fonds<br>Erediensspan 4 – Neels Kruger<br>09:00 Kleuterkerk en Kinderkerk<br><br>GEEN Senior kategese<br>19:00 KERSSANGDIENS met Madrigaalsangers<br>Deuroffer ten bate van: Aksie Samaritaan |
| **MAANDAG, 28 NOVEMBER** |
| |
| **DINSDAG, 29 NOVEMBER** |
| |
| **WOENSDAG, 30 NOVEMBER** |
| |
| **DONDERDAG, 1 DESEMBER** |
| 09:30 Kuilsrivier Dienssentrum: Christine Bam Opvoering - Moedergemeente<br>Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit,<br>Loamie Olivier, Kotie Jonas |

| VRYDAG, 2 DESEMBER | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms - Afsluiting |
| **SATERDAG, 3 DESEMBER** | |
| | |
| **SONDAG, 4 DESEMBER** | |
| | TWEEDE SONDAG VAN ADVENT<br>BIDDAG IN AANSLUITING BY WêRELDVIGSDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Christen-Vigsburo SA<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk |
| 09:00 | Kleuterkerk en Kinderkerk - Afsluiting |
| 18:00 | Senior kategese - Afsluiting |

# GEMEENTENUUS



1. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Rudi en Andrea Combrink, kinders Ruan en Diederik vanaf Meyerton
   Piet en Angelique Steyn vanaf Kuilsrivier-Suid
   Jacques le Roux vanaf Brackenfell-Wes
2. Gert Pieterse (Alta du Toit gronde) gaan volgende week hospitaal toe vir ‘n operasie.
3. Danny Heyns (Klaradyn) sterk tuis aan na ‘n rugoperasie.
4. Piet Myburgh (Ralphsingel) het die afgelope week ‘n hartomleidingsoperasie ondergaan.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Hannes Burger is vanaf Dinsdag 29 November 2022 met verlof.
2. **Sluiting van kerkkantoor:**
   Die kerkkantoor is oop tot Donderdag 15 Desember 2022 om 11:00.
   Heropen weer op Maandag 9 Januarie 2023 om 08:00.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**KOLLEKTE VIR ALIMENTASIE**

Ons deurkollekte vandag gaan aan De Eike se Alimentasie Fonds. Dit is die fonds waaruit spesifieke lidmate bygestaan word wat deur enstige krisisse gaan, nadat 'n indringende ondersoek plaasgevind het.
Hierdie fonds word apart gehou en is nie deel van die kerk se lopende begroting nie.
Help asseblief só lidmate wat swaarkry.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



27/11 Callie vd Merwe, Meta van Deventer, Elmarene Fischer, Arran de Wet, Rollie Schoeman(82), Francois Hagen, Jenine Westenberg
28/11 Christiaan Coetzee, André du Toit, Gerda Joubert, Henré Smith
29/11 Lynne Nel, Jo-Anne Eksteen, Christa Smit, Elzaan Swart, Dylan Coetzee, Hanna Fourie
30/11 Lyzette Snyder, Thys du Preez, Danika Bruwer, Ruan de Mon, Leila Allie-Reid
01/12 Anru Marais, Elsa Smuts, Wena Janse van Rensburg, Nico Steyn, Anja Smit
02/12 Carlize van Zyl, Cian Myburgh, Dawie Smuts, Freda Brink, Delaille Rossouw, Blaise de Reuck
03/12 Babie Vlok(88), Suna Kruger, Rolanda Hugo, Jaco van der Merwe, Marita Koen, Anneke de Bod, Janica Hagen, Liam Ladewig, Stefan Rossouw, Kobus Loots

# KLERE EN VERE

Liewe Lidmaat

Hierdie ***getuienisaksie van De Eike*** kon vanjaar in verskeie gemeenskappe 'n yslike bydrae maak, omdat ***jy*** dit ondersteun het.
Baie dankie vir jou hulp en moeite om dit te laat gebeur!

Ons wens jou graag 'n baie geseënde en vreugdevolle Kersgety toe.

Groetnis
2 Vere

NS Totdat die kerkkantoor op 15 Desember sluit, ontvang ons steeds met waardering enige bydraes van klere, skoene, linne en speelgoed.

# DE EIKE KOSMANDJIE

Dankie dat jy hierdie omgee-aksie van De Eike die hele jaar so ruim ondersteun het! Totdat die kerkkantoor op 15 Desember sluit, ontvang ons steeds graag enige bydrae. Mag jou kosmandjie hierdie Kersfeestyd sommer boeppens staan van liefde en vreugde.

*Groetnis tot volgende jaar!*
DIE KOSMANDJIE

# AKSIE SAMARITAAN BORG - ‘n - HAWELOSE

Kerstyd hou ons ‘n spesiale afsluiting op 16 Desember van elke jaar. Die sopkombuis sluit dan tot die eerste week in Januarie van die volgende jaar, sodat vrywilligers kan rus en die werkers hulle jaarlikse verlof kan neem.

Dit beteken egter dat die daaglikse kliënte, wat afhanklik is van die sop wat hulle by die sopkombuis kry, vir drie weke kan honger ly.

Om dit te oorkom deel ons kospakkies uit by die kersafsluiting wat hulle kan help om die tydperk wat die sopkombuis gesluit is te oorleef.

Ons deel 150 kospakkies uit en die koste beloop ongeveer R600 per pakkie. Borg asb ‘n hawelose as jy ‘n verdienstelike saak soek.

Art 18(a) sertifikate is beskikbaar vir donasies **direk** aan Aksie Samaritaan.

Kontak die kerkkantoor of vir Jakkie by 082 453 3862 vir bankbesonderhede.

# TIENDEMAAND DANKOFFERS

Baie dankie aan almal wat reeds hul bydrae gegee het.

Daar is reeds 185 bydraes ontvang ten bedrae van R254 965. Ons doelwit is R325 000.

Koeverte kan steeds enige Sondag in die kollekte-mandjie geplaas word of per EFT oorbetaal word.

# KERSGESKENKE

Baie dankie aan almal wat kaartjies geneem het om geskenke aan die kinders van Koelenhof en Green Park te gee.

Die geskenke moet asseblief teen eerskomende Vrydag 2 Desember 2022 terug wees by die kerk.

# KERSSANGDIENSTE – 27 NOVEMBER

Ons is vanjaar bevoorreg om op Sondag 27 November 2022 twee baie spesiale Kersdienste te hê.

09:00 Oggenddiens – ons begin reeds om 08:40 Kersliedere sing saam met albei voorsanggroepe. Tydens die diens luister ons na die kerkkoor, trompet en saksafoon.

Ons kyk na ‘n uittreksel uit die video van 2020 kersdiens. Daar is ook baie geleentheid vir die gemeente om lekker saam te sing.

19:00 Aanddiens – die Madrigaalsangers tree by ons op. Hulle is ‘n groep van 8 jongmense van Stellenbosch en Noordelike voorstede wat reeds naam gemaak het met hul *a capella* sang. Weereens gaan die gemeente ook die geleentheid hê om saam te sing. Die deurkollekte by die aanddiens sal wees ten bate van Aksie Samaritaan se “Borg-‘n-hawelose” projek. Sien blokkie elders vir meer inligting hieroor.

Na afloop van die **oggenddiens**, gaan die gemeente saamkuier met verversings. Tydens dié geleentheid sal daar van René afskeid geneem word.

# VAKANTE POS BY SINODE

Die Wes-Kaapland Sinode van die NG Kerk het die volgende vakante pos by hul kantoor in Bellville.

- Persoonlike Assistant/Admin Koördineerder in die kantoor van die Sentrum vir Publieke Getuienis – sluitingsdatum 30 Nov 2022

Vir volledige besonderhede van Pligte en Vereistes, sien kennisgewingsbord in die voorportaal of kantak die kerkkantoor.

# DIENSSENTRUM - MOEDERGEMEENTE

Die Dienssentrum hou op 1 Desember 2022 by Moedergemeente ‘n konsert vir almal.

9:30 in die saal vir tee en koffie

Konsert:  Klassieke klanke van die hart

| | |
|---|---|
| 11:00 - 12:00 | Moedergemeente Kerk |
| Kunstenaars is: | Christine Bam, Marvin Kernelle, Edwin Mullins en die Laerskool Mikro Juniorkoor |
| Koste: | R50 Volwassene |
| | R20 Pensioenaris |
| | R10 Skolier |

# NUUS VANUIT DIE KERKRAADSVERGADERING

- Tydens die kerkraadsvergadering van 23 November 2022 is die volgende persone gekies tot die kerkraad:
  - Erediensspanleier – Cedric Pretorius
  - Vrouelidmate Kommissie voorsitter – Alae Rootman

- Die volgende kerkraadslede sal ons gemeente verteenwoordig by die Wes Kaapland Sinode sitting 8-12 Mei 2022.
  - Elmari Schwenke-van der Walt
  - André Smook

- Vanaf volgende jaar gaan ons as gemeente weer een keer per maand na die oggenddiens saam kuier oor 'n koppie koffie/tee.
  Die eerste datum sal later bekend gemaak word.

# BADISA NAGMARK

Badisa bied op Vrydag 2 Desember 2022 'n NAGMARK aan vanaf 18:00 tot 21:00 by hul kantoor in Mitchell Straat 4, Kuilsrivier (agter Moedergemeente – ou pastorie).

Daar sal stalletjies wees waar interessante aankope gedoen kan word, kosstalletjies en pret aktiwiteite vir die kinders.

Badisa se werk behels onder andere:

- kinderbeskermingsdienste
- vroeë kind ontwikkeling
- na-skool projekte
- vakansie programme vir skoolkinders
- pleegsorgdienste
- werk onder straatkinders
- vele meer maatskaplike aspekte

Ondersteun gerus hul poging om fondse in te samel om dié belangrike werk te doen. Finansiële donasies is ook welkom. Art 18(a) belastingsertifikate kan uitgereik word vir donasies. Bankbesonderhede is as volg:

ABSA BANK – takkode 632005
Tjekrekening nommer 405 0399 724.

Vir meer inligting skakel hul gerus by telefoonnommer 021 9061881.